16 April 2015

SA Bestuur, Provinsiale Voorsitters, Spanbestuurders, Atlete en Ondersteuners

# GENESSI 40STE SA TWEEKAMPKAMPIOENSKAPPE STELLENBOSCH, 3 & 4 APRIL 2015

Namens WP Tweekamp bedank ek graag al die betrokkenes, soos hierbo genoem, vir hul ondersteuning in Stellenbosch. Spanne/atlete wat betyds opgedaag het, het gehelp om die byeenkoms vlot te laat verloop – dankie daarvoor. Dankie ook vir jul ondersteuning van ons borge en kosstalletjies.

Ons het ons bes probeer en vertrou dat julle alles saam met ons geniet het – van die Kaapse Klopse en Ryk Neethling by die openingseremonie, dwarsdeur die hardloop, reën, swem en nog reën, tot by die prysuitdelingsfunksie Saterdagaand.

Baie geluk aan alle medaljewenners en elkeen wat ’n toekenning ontvang het, asook elke atleet wat deelgeneem en sy/haar provinsie gehelp het om te presteer.

Dit was vir WP ’n voorreg om die byeenkoms aan te bied. Ons wens Archie Markgraaff en sy Suid-Vrystaatse bestuur alles van die beste toe vir die aanbieding van SA’s 2016.

Foto’s van Vrydag en Saterdag se geleenthede kan besigtig en bestel word op www.diw.co.za.

Groete uit die WP, waar die winter hierdie week aangebreek het. Ons sien mekaar D.V. op 25 & 26 Maart 2016 in Bloem!

MARIUS VORSTER
Voorsitter WP Tweekamp

GERHARD LOUWRENS
Voorsitter Reëlingskomitee

CHAIRMAN: MARIUS VORSTER
TEL 021 790 2511 • CELL 082 336 1575 • FAX 021 790 2511 • EMAIL WPTWEEKAMP@TELKOMSA.NET • WEB WWW.WPBIATHLON.CO.ZA